

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 12 16 APRIL 2021

UIT DIE KANTOOR

Goeiedag Ouers


MEDELYE

Ons opregte meegevoel word betuig teenoor Joshua Latham in graad 6H en Nina Latham in graad 4M en hul familie met die heengaan van hul ouma gedurende die week. Mag hulle as familie die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie tyd beleef.

ELKE DAG SKOOL VIR GRAAD 1 TOT 3

Gedurende 'n normale jaar gaan elke leerling 200 dae skool. Tydens die Covid tyd het elke leerling net 100 dae skoolgaan omdat hulle slegs elke tweede dag skool toe kom. Aangesien ons op vlak 1 is het ons, soos ander skole in Port Elizabeth, aansoek gedoen by die departement om ons grondslagfase leerlinge almal elke dag terug te bring skool toe. Die versoek is deur die departement goedgekeur as ons die Covid-protokolle handhaaf en dit veilig maak vir die leerlinge.

Ons gaan gedurende die skoolvakansie afskortings bou wat die leerlinge van mekaar gaan skei op elke tafel. Daarom gaan ons met die graad 1-groep begin vir die eerste twee weke van volgende kwartaal. Daarna gaan die graad 2's volg met die graad 3's twee weke later.



(Foto van hoe dit gaan gedoen word)

SPORTVERGADERING

Baie dankie aan elke ouer wat Woensdagaand se sportvergadering bygewoon het. Ons waardeer u insette geweldig. Ons gaan die notule van die vergadering met die besluite wat daar geneem is vroeg volgende week op D6 plaas. Daarna sal elke ouer in die skool 'n kans kry om 'n keuse op "google forms" uit te oefen.

SPENSIE-PENSIE GESKENKMANDJIE TREKKING : 19 – 22 APRIL

Eerstens wil ons weereens elke ouer opreg bedank vir u fantastiese ondersteuning van hierdie fondsinsameling – dit is reeds 'n enorme sukses. U het nie net een GROOT prys moontlik gemaak nie, maar daar is genoeg items ingesamel om 'n tweede trekking *per graad* te kan doen! Dan herinner ons u daaraan dat trekkings volgende week vanaf Maandag, 19 April tot en met Donderdag, 22 April gaan plaasvind. Ons trek elke dag 2 grade se wenners wat dan geskakel word om hul geskenkpakkies in ontvangs te neem. Volg gerus die trekkings op ons Facebookblad sowel as die klasgroepe waar resultate geplaas sal word.

RAPPORTE

Die skool het nog nie die nuutste "patch" van ons skooladministrasieprogram, wat die leerlinge se rapportpunte verwerk, ontvang nie. Die aanduiding is dat dit eers teen 19 April 2021 uitgestuur na die skole gaan word. Dit beteken dat ons nie rapporte die laaste dag van die kwartaal sal kan uitgee nie. As die program opdaag, sal ons poog om die rapporte teen die eerste Vrydag volgende kwartaal gereed te hê.

DIE RES VAN DIE KWARTAAL SE ROOSTER: GRAAD 4 TOT 6

Die tabelle hieronder dui aan wanneer watter groep skool toe kom en watter dag se rooster ingepak moet word. Slegs grade 4 tot 6 volg die spesifieke rooster. Die grondslagfase- en graad 7-leerlinge sal 'n normale skoordagrooster volg. Die groepe waarin die leerlinge ingedeel is, verskyn in D6, onder bronne.

Bestudeer die onderstaande tabelle om u te vergewis van hoe dit gaan werk.

GROEP A

Datum	Dag	Rooster gevolg
2021/04/19	Maandag	Volg Dinsdag se rooster
2021/04/21	Woensdag	Volg Woensdag se rooster
2021/04/23	Vrydag	SKOOL SLUIT

GROEP B

Datum	Dag	Rooster gevolg
2021/04/20	Dinsdag	Volg Woensdag se rooster
2021/04/22	Donderdag	Volg Donderdag se rooster

VAKANSIENASORG: APRIL 2021

Ons bevestig dat die vakansie-nasorg wel in die April-vakansie voortgaan.

Die tydperk is:

1. 28 – 30 April (3 dae). (Skole sluit 23 April 2021 en 27 April is 'n openbare vakansiedag)
2. U moet asseblief ook onderneem om die nasorgtye nl. **07:15 -17:30, stiptelik te eerbiedig.**

Die tarief beloop R240 per kind en is vooruitbetaalbaar vir die volle tydperk. Indien u sou belangstel in April-vakansienasorg, stuur asseblief 'n e-pos na Mev. Laas : fin@lnpark.co.za

PROSEDURES WAT GEVOLG MOET WORD INDIEN IEMAND SIEK IS

Dit is vir die skool kommerwekkend dat ouers leerlinge wat siek is, skool toe stuur. Ons moet die afgelope tyd amper daaglik kinders huis toe stuur wat siek is.

Daar is 'n paar belangrike feite en prosedures waarvan u moet kennis neem:

- **Hou u kind by die huis as hy/sy siek is.** Leerlinge wat siek by die skool opdaag, sal nie tot die skoolterrein toegelaat word nie.
- **Indien u voel u het tekens van die siekte, moet u ook u kind by die huis hou** tot u seker is u is nie positief nie.
- Indien 'n leerling in direkte kontak was met iemand wat positief getoets het, of waar daar vermoed word die persoon positief is, moet die leerlinge onmiddellik by die huis gehou word. Monitor die leerling vir tekens van die siekte. **Onthou om die skoolhoof dadelik in kennis te stel.** Die leerling mag na 14 dae terugkom skool toe indien daar geen tekens van die siekte by hom/haar is nie.
- **Direkte kontak beteken dat hulle fisiese kontak met die persoon gehad het, die persoon se persoonlike besittings hanteer het of nader as 1,5m aan die persoon was.** Om bloot in dieselfde klas of omgewing te wees, beteken nie hulle was in direkte kontak met die persoon nie. Dit word as "terloopse aanraking sonder enige risiko" beskou.
- Leerlinge wat by die skool siek word, sal so gou as moontlik in afsondering geplaas word en huis toe gestuur word.
- **Dit is nie die skool se verantwoordelikheid om Covid-19 gevalle te identifiseer nie.** Die meerderheid asemhalingsiektes is nie Covid-19 nie.
- Indien die skool enige vorm van siekte waarneem, sal die skool pro-aktief optree deur die leerling uit die klaskamer te onttrek.
- Dit sal op 'n menslike wyse geskied om stigmatisering te voorkom.

Die leerling sal na 'n isolasiekamer geneem word waar die ouers deur die sekretaresse (Mev. Veronica Smit) gekontak sal word, sodat die ouer die kind dadelik kan afhaal.

TOELATING 2022: GRADE R en 1 (BESTAANDE OUERS)

Dit is alweer tyd dat ouers moet aansoek doen vir toelating tot die skool vir 2022. Die personeelvoorsiening van die Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Die skool moet ook jaarliks hierdie statistiek aan die departement van onderwys bekend maak.

Ons versoek ons bestaande ouers om ons so spoedig moontlik in kennis te stel indien u 'n kind vir graad R of graad 1 in 2022 wil inskryf. Ons wil graag ons huidige ouers voorkeur gee om u ander kind ook by ons in te skryf.

Ons sal dit waardeer indien u ons skool by u familie, vriende en ander bekendes aanbeveel.

LAERSKOOI NEWTONPARK FACEBOOKBLAD

Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2021

Baie dankie aan al die ouers wat so gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog 'n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat u kind se skoolgelde betref na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is 'n

wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: maandelikse debietorder oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2020. 'n Debietorder kan slegs op 'n tjek-/spaar-/transmissie rekening ingestel word.) U mag ook die skoolfonds EFT. Indien u kontant wil betaal kan u by Mev. Laas of verkieslik direk in ons bankrekening betaal. Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar; en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE

Indien u skoolgelde (graad R – 7) ten volle voor/op 31 Mei 2021 betaal word, kan u vir 'n 5% korting kwalifiseer.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	LAERSKOOL NEWTONPARK
BANK	ABSA
REKENINGNOMMER	1400490089
TAKKODE	632005

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se van en naam verskaf. 'n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.


GEDAGTE VIR DIE WEEK

Wanneer ek 'n kind teëkom, inspireer dié twee sentimente in my: teerheid vir wat hy of sy is, en respek vir wat hulle kan word.

Louis Pasteur

Die boer wat nie saai nie sal nie misoeste kry nie, maar hy sal ook geen goeie oes kry nie.

C.J. Langenhoven



SKOOLHOOF

E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za

Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:

Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

- Ma – 19 April : Klerewinkel **07:30-12:00**
Skoolbywoning : Groep A (Dinsdag rooster)
OOV Spensprojek : Trekkings die week (Graad R + 7)
- Di – 20 April : Skoolbywoning : Groep B (Woensdag rooster)
OOV Spensprojek : Trekkings die week (Graad 1 + 6)
- Woe – 21 April : **Skoolbywoning : Groep A (Woensdag rooster)**
Klerewinkel **12:00-14:30**
OOV Spensprojek : Trekkings die week (Graad 2 + 5)
- Do – 22 April : **Skoolbywoning : Groep B (Donderdag rooster)**
Uitdeel van rapporte : **Graad R – 6 (Groep B)**
OOV Spensprojek : Laaste trekking (Graad 3 + 4 + kinders met meeste lootjieverkope + bonus geskenkpakkies)
- Vr – 23 April : **Skoolbywoning : Groep A**
Klerewinkel **07:30-11:00**
SKOOL SLUIT 10:00